



Jesus roep Sy dissipels

LES 1

JUNIOR KATEGES 2021

KOM ONS LEES

MATTEUS 4:18-22

Op 'n dag het Jesus se volgelinge langs die see van Galilea gaan stap. Hy sien toe twee broers wat besig is om vis te vang. Hulle name was Simon en Andreas. Simon se ander naam is Petrus. Jesus stap toe na hulle toe en sê vir hulle; "Los alles waarmee julle besig is. Word my vriende. Kom agter My aan. Dit sal van nou af julle werk wees om ander mense te sê om na God te luister. Toe Petrus en Andreas die goeie nuus hoor, het hulle dadelik vir Jesus Ja gesê. Hulle het die visnette waarmee hulle visgevang het sommer net daar laat lê. 'n Entjie verder het Jesus nog twee ander broers, Jakobus, en Johannes raakgeloop. Hulle was besig om saam met hulle pa Sebedeus, hulle visnette reg te maak. Jesus het reguit na Jakobus en Johannes toe gestap. Hy sê toe vir hulle om ook sy dissipels te word. Hulle het alles net daar laat staan. Voordat hulle pa hulle kon keer, het hulle ook agter Jesus begin aanstap.

WEGSPRING

Verbeeld jou jy kan in een van Suid-Afrika se nasionale spanne speel. Dit kan rugby, hokkie, netbal of krieket wees.

- Watter posisie sal jy graag wil speel?
- Dink jy, jy sal vir die span gekies word?
- Wat moet eers gebeur voordat jy regtig vir 'n nasionale sport span gekies word?

WONDER

- Vir wie sou Jesus kies as hy vir hom 'n span moet bymekaar sit?
- Dink jy, Hy sal jou ook kies?
- Hoekom dink jy so?

AFSLUITING

- Verduidelik vir jou vriende of jou niggies en nefies as julle kuier of mekaar bel in hierdie tyd wat hierdie plakkaat beteken.
- Vra hulle of hulle ook deel van Jesus se span wil wees, jy fotos van hulle ook op jou plakkaat plak!
- Dit klink mos na hope pret!
- Is Jesus se volgelinge altyd 'n span? Gesels daaroor.
- Jesus sê vir Sy dissipels, "Kom na my toe." Op watter maniere gaan ons na Jesus toe?
- Hoekom deel jy hierdie les nie met een van jou maatjies nie? Dink hoe baie dit vir hulle kan beteken.



JESUS SE DISSIPELSPAN

Plak jou foto op die plakkaat hier onder! Jy is deel van Jesus se Span

